

In 'n neutedop...

Die volgende is belangrik met die oog op die ontleding wat in die **BYLAAG** verskyn:

1. In die geskiedenis het daar alreeds meer as 120 Engelse Bybelvertalings verskyn. Die keuse van die 38 vertalings wat hier ontleed word, is deur die Bybelgenootskap self gemaak.
2. Die Bybelgenootskap het die eerste vier kolomme daargestel. Dit beteken dat die Bybelgenootskap slegs een teks (naamlik Jesaja 53:4) in die verskillende vertalings nagegaan het om vas te stel of die meeste Engelse Bybelvertalings kleinletters in die Messiaanse profesieë gebruik, of nie. In Jesaja 53:4 kom net voornaamwoorde voor (*He* en *Him*) wat op Christus betrekking het. Hulle het toe gevind dat sewe vertalings hier hoofletters gebruik en 31 kleinletters.
3. Tydens ons gesprek op 2 Mei 2012, het ek met ds Kritzinger afgespreek dat ek dieselfde ontleding sal gebruik en die kolomme uitbrei om die gebruik van hoofletters/kleinletters in die Messiaanse profesieë, ten opsigte van die Name van Christus, in hierdie vertalings te toets. Dit is toe in die daaropvolgende vyf kolomme gedoen.
4. Ten opsigte van voornaamwoorde: Kolom 10 is bygevoeg om te bepaal of in elke vertaling die gebruik van hoofletters/kleinletters in die Ou Testament ooreenstem met die gebruik daarvan in die Nuwe Testament. Vergelyk dus veral kolom 10 met kolom 4, in die tabel.
5. Die laaste kolom is bygevoeg om te bepaal in hoeveel Engelse vertalings die Naam *Spirit* (verwysende na die Heilige Gees) met hoofletters geskryf is in die Ou Testament.

6. Volgens die kolomme se nommers word die volgende dus daarin aangedui:

1. Numering
2. Naam van vertaling
3. Jaar van eerste uitgawe
4. Toetsing van voornaamwoorde in die Ou Testament
- 5 – 9. Toetsing van Name van Christus in die Messiaanse profesieë

10. Toetsing van voornaamwoorde in die Nuwe Testament
11. Toetsing van die woord *Gees* (of *Spirit*)
7. Die teksverse waarin die Name van Christus voorkom wat bo-aan die kolomme in die BYLAAG verskyn, lees soos volg in die New King James Version (NKJV):

- Isaiah 53:4 Surely He has borne our griefs,
 And carried our sorrows;
 Yet we esteemed Him stricken,
 Smitten by God, and afflicted.
 (Vergelyk: Matteus 8:17; 1 Petrus 2:24)
- Psalm 2:2 The kings of the earth set themselves,
 And the rulers take council together,
 Against the LORD and against His Anointed...
 (Vergelyk: Handeling 4:25, 26)
- Psalm 45:6 Your throne, O God, is forever and ever....
 vers 7 Therefore God, Your God, has anointed You...
 (Vergelyk: Hebreërs 1:8, 9)
- Psalm 110:1 The LORD said to my Lord,
 “Sit at My right hand,
 Till I make Your enemies Your footstool.”
 (Vergelyk: Matteus 22:44; Markus 12:36; Lukas 20:42)
- Isaiah 9:6 For unto us a Child is born,
 Unto us a Son is given;
 And the government will be upon His shoulder.
 And His name will be called
 Wonderful, Counselor, Mighty God, Everlasting Father,
 Prince of Peace.
 (Vergelyk: Titus 2:13)
- Isaiah 53:11 By His knowledge My righteous Servant shall justify many,
 For He shall bear their iniquities.
 (Vergelyk: Jesaja 42:1 en Matteus 12:18; 1 Johannes 2:1)

Luke 4:18 “The Spirit of the LORD is upon Me,
Because He has anointed Me
To preach the gospel to the poor...”

Genesis 1:2 And the Spirit of God was hovering over the face of the waters.
(Vergelyk: Psalm 33:6 Ou Vertaling; 104:30)

8. Let wel: Christus het die ampte en posisie wat deur Sy Name aangedui word, reeds al in die Ou Testamentiese tyd bekleed. Christus is ewig wie Hy is!

9. As die dokumente in harde kopie uitgedruk word, moet u die BYLAAG hieraan vasheg.

10. Hierdie Bybelvertalings verskyn op die volgende webwerwe:

www.scripturetext.com

www.studylight.org

www.biblegateway.com

Sien die BYLAAG met kolomme, aangeheg.

Ds Danie Haasbroek
Tel: 012-345 2753
Sel: 076 689 3079
E-Pos: daniehaasbroek@gmail.com

24 Julie 2012

* * * * *

✘ **Hierdie dokument, getitel: *Engelse Bybels ontleed*, is een van die dokumente wat in Afrikaans en Engels verskyn op die webblad www.2016vertaling.co.za.**

✘ My boeke verskyn op die webblad www.thetrue revelation.co.za.